

31 Mei - INGAAN/INGANG

Skrifgedeelte: Johannes 10:1-21

Fokusgedeelte: Johannes 10:7-9

Jesus sê dat Hy die ingang vir die skape is. Hiermee gebruik Hy 'n beeld wat pragtig toegelig kan word deur na die Ou-Testamentiese tabernakel te kyk.

Die tabernakel is ook die tent van ontmoeting genoem. Die tabernakel het simbolies die woonplek van die Here onder sy volk tydens die woestynreis voorgestel. Rondom hierdie tent was die voorhof. Die voorhof en tabernakel is van die res van die Israelitiese kamp afgespan met 'n gordynmuur.

Hierdie afkamping was nodig. Immers, God is heilig en die volk onheilig. Die volk kan nie sommer net by die Here kom nie. Om te keer dat enigiemand sommer by die tent van ontmoeting kon kom, was daar die gordynmuur wat rondom die voorhof gespan is en toegang versper het (vgl Eks 38:9-20).

In hierdie gordynmuur was daar net een ingang. Kom jy by hierdie ingang in, was die offeraltaar reg voor jou. Hiermee is duidelik aangetoon dat daar eers versoening vir sondes gedoen moes word deur offers te bring, voor in die teenwoordigheid van die Here ingegaan kon word.

As Jesus in Johannes 10:7 en 9 sê dat Hy die ingang vir die skape is, asook in vers 11 dat Hy die Goeie Herder is wat sy lewe vir sy skape aflê, dan sê Hy daarmee dat Hy Homself vir ons sondes kom offer het. Alleen deur Hom kan ons (wat almal sondaars is) in die teenwoordigheid van die Here ingaan. Hy is die enigste ingang na die heerlikheid van God wat daar is.

Glo jy regtig dat Hy die enigste ingang is wat jou laat ingaan na die hemelse Vader? Moenie deur enigiets of enigiemand anders mislei word wat jou anders probeer oortuig nie. Hulle is valse herders.

Sing: Psalm 118:1, 5 (2001-omdigting)

Dr JA Erasmus (Odendaalsrus)